# PARLIAMENT OF THE PROVINCE OF THE WESTERN CAPE

====================

# QUESTION PAPER ORAL REPLY

====================

Note: * Indicates translated version.

**THURSDAY, 22 MAY 2025**

*New questions:*

**4. Mr B N Herron to ask Dr I Meyer, Minister of Agriculture, Economic Development and Tourism:**

Over the 2025 MTEF period, R43,789 billion has been allocated to the Growth for Jobs Strategy (G4J Strategy), which sets an ambitious annual economic growth target of 4% to 6%:

(a) What success, if any, has the G4J Strategy, adopted in 2023, achieved since being implemented, (b) what internal benchmarks or review mechanisms have been established to assess its effectiveness and to ensure that targets are met and (c) how is progress being measured beyond economic projections?

**<u>Response:</u>**

4 (a) The table below indicates the success of the G4J Strategy since being adopted in 2023, progress on implementation and the specific metrics used to measure results.

Table: Growth for Jobs Strategy Metrics and Results

| PFA | 2035 Goal | Progress |
|---|---|---|
| **GDPR growth** | **2035 Goal:**<br>4-6% GDPR growth<br><br>**Tracking mechanism and source:**<br>Gross Domestic Product Regional (GDPR)<br>• Source: S&P Global<br>• Frequency: Annual | • Western Cape GDPR growth was 0.8% in 2023. This was notably low, primarily due to the historically high levels of load shedding in 2023 and the resultant strain it had on economic activity.<br><br>• By 2024, GDPR improved to 1,1%. Many commentators have attributed the Western Cape's faster growth to good infrastructure and a supportive enabling environment, which has in part been driven by the Growth for Jobs Strategy.<br><br>• At the beginning of the year, growth was forecast to jump to 2.1% in 2025. However, recent global events have resulted in growth projections the world over being revised downwards, notably. |
| **PFA 1: Investment** | Private-sector investment will be 20% of regional GDP (translating to R200 billion) by 2035.<br><br>**Tracking mechanism and source:**<br>Gross fixed capital formation (private sector component as explained earlier).<br>• Source: Quantec<br>• Frequency: Annual | • Gross Fixed Capital Formation (private sector) for 2024 was 9.3%. This is slightly lower than in 2023, which was 9.8%.<br><br>• In 2023, Gross Fixed Capital Formation was boosted by investments to combat loadshedding, which boosted investment levels across the country.<br><br>• Government strives through the G4J Strategy to create an enabling environment for investment. In 2025 higher levels of public sector investment are also expected to support greater private investment. |
| **PFA 2: Exports & Tourism** | The value of Western Cape exports of goods and services (inclusive of tourism) will triple by 2035 to R450 billion.<br><br>**Tracking mechanism and source:**<br>• Value of exports, as sourced from Quantec<br>• Frequency: Quarterly | • In 2024, the value of exports (excluding tourism) was R199.26 billion. This is slightly lower than 2023's R 202.4 billion.<br><br>• Sharp declines in exports in 2024 specifically were experienced in products that are exported from the Western Cape. This was primarily due to the logistic constraints at the Port of Cape Town. The Province is working closely with Transnet to help the SOE address some of their short-term operational capacity constraints. y. |

| | | |
|---|---|---|
| **PFA 3: Energy** | Facilitating improved energy resilience in the Western Cape through increasing the energy generated or used in the Western Cape by 1 800 – 5 700 megawatts (MW) by 2035, estimated to attract between R21.6 billion and R68.4 billion in related investment.<br><br>**Tracking mechanism and source:**<br>• Number of Megawatts added to the system.<br>• Frequency: Annual | • Lower carbon energy generated or used in the Western Cape amounted to 642.4 MW in November 2023 and 710 MW in August 2024. This is an increase of 10.5%.<br><br>• Proactive and facilitative efforts by the WCG, as per the G4J Strategy, contribute to creating an enabling environment to improve energy resilience and stimulate investment and uptake. |
| **PFA 4: Water** | Double the amount of water available for secondary and tertiary economic sectors (primarily from non-productive use) by 2035 and honour existing allocations to agriculture.<br><br>**Tracking mechanism and source:**<br>• 490 $Mm^3/a$, sourced from the Western Cape Water Supply System (WCWSS).<br>• Western Cape Blue Dot Rating Performance standard must be ≤ 95%.<br>• Frequency: Annual | • The Western Cape Blue Dot Rating was 69.34% in 2023. Ideally it should be closer to 95%.<br><br>• However, the Western Cape's Blue Dot rating is substantially higher than South Africa's rating of 47.15% in 2023.<br><br>• As per the G4J Strategy, proactive WCG efforts to facilitate the augmentation of water contribute to achieving these targets. |
| **PFA 5: Technology & Innovation** | By 2035, research and development expenditure will increase by 300% in real terms, reaching R35 billion and venture capital deals will total R20 billion.<br><br>**Tracking mechanism and source:**<br>• Data and indicators are being revised<br>• Data on Research and Development (R&D) is being obtained from DST and HSRC<br>• Frequency: Biennial | • In the 2022/23 financial year, Western Cape R&D expenditure as percentage of GDP was 1.7%, up from 1.58% in the 2021/22 financial year.<br><br>• The Western Cape is working to improve this to 2.6% of GDP - aligning with the global average.<br><br>• As per the G4J Strategy, proactive efforts by the WCG through advocacy and support contribute to meeting these targets. |
| **PFA 6: Infrastructure & Connected Economy** | The Western Cape economy will have the infrastructure needed to support and enable a R1 trillion economy by 2035 and public sector capital | • Public sector capital expenditure as a percentage of GDP for the Western Cape was 3.7% in 2023 and 3.8% in 2024.<br><br>• The Western Cape's GFCF is poised for continued growth, driven by Cape Town's |

| | | |
|---|---|---|
| | investment in the Western Cape will be 10% of regional GDP.<br><br>**Tracking mechanism and source:**<br>• Gross fixed capital formation (the public sector component) sourced from Quantec<br>• Frequency: Annual | massive R39.5bn infrastructure budget over the next three years—80% larger than Johannesburg's and nearly double Durban's—with 75% allocated to projects benefiting lower-income communities, signalling sustained investment momentum. The Western Cape Government's proactive efforts as per the G4J Strategy contribute to the attainment of this target. |
| **PFA 7: Pathways to Economic Opportunities** | All citizens who want to be economically active have improved access to economic opportunities and employability through at least one pathway. Pathways include improved employability assets (knowledge, skills, experience, and/or competencies), career management skills, workplace-ready capabilities, and more accessible economic opportunities and entrepreneurship support.<br><br>**Tracking mechanism and source:**<br>• Appropriate data and indicators are being selected.<br>• Labour market data sourced from Stats SA is being used.<br>• The SMME data was sourced from the Small Enterprise Development Agency. | • The number of SMMEs in the Western Cape increased by 2,878 from 2023Q1 to 2024Q1, reflecting 0.8% growth year-on-year. (This data is not consistently available from SEDA)<br>• The unemployment rate was 19.6% in 2025Q1, down by 1.8 percent year-on-year – indicating improved job opportunities.<br>• Between 2023Q1 and 2025Q1, the Western Cape saw the creation of 203 000 jobs, reflecting a growth in employment.<br>• Youth unemployment (ages 15-34) declined year-on-year from 28.7% in 2024Q1 to 27.2% in 2025Q1, which is promising for youth seeking employment.<br><br>Employment in the province has been improving since the G4J Strategy was adopted, with the Western Cape the only province in SA to have an unemployment rate below 20%. The G4J Strategy contributes to creating an enabling environment for job creation. |

(b) and (c) Internal benchmarks or review mechanisms established to assess effectiveness and to ensure that targets are met and progress measurement beyond economic projections are detailed below.

The G4J system includes transversal indicators which allow relevant outputs and outcomes across the departments to be aggregated on an annual basis. At the time of response, the financial year has not been concluded for 2024/25 and the report for the current financial year will only be finalised towards the end of May 2025.

Important note: Not all outcome indicators can be calculated/tracked on an annual basis. The G4J IQ team are in the process of developing a macro-economic tracker which will be used to provide a regular dipstick of progress.

Furthermore, highlights from 2023/24 at a PFA level is as follows:

**Highlights from PFA 1: Investment 2023/24 close-out reports**

- R7.76billion of investment generated, facilitating 3 913 jobs
- Evidence-based housing market analysis conducted by DEADP has led Stellenbosch Municipality to develop an inclusionary housing policy
- Visa regime impact assessment completed
- 14 investments committed
- 1 Ease of Doing Business improvement supported

**Highlights from PFA 2: Exports and Domestic Market 2023/24 close-out reports**

- 93 trade agreements were signed, generating R2.7 billion of trade and facilitating/securing 3 396 jobs
- 5 new air routes were established
- Cape Trade Portal was launched, hosting 1 361 Western Cape exporters, 330 international buyers and 6150 products
- 1 525 businesses assisted
- 3 Ease of Doing Business improvements supported

**Highlights from PFA 3: Energy Resilience and Transition to Net Zero Carbon 2023/24 close-out reports**

- Reduced reliance on Eskom by adding 743 MW of capacity in 2023/24
- Wheeling toolkit launched, which is being used as a base for the development of a national toolkit
- 30 municipalities engaged with Energy Resilience interventions& 290 businesses supported
- First-of-its-kind MIPPP (Municipal Independent Power Producer Procurement) project in SA initiated.
- LED lighting in 23 schools (with a further 29 in construction) and PV systems in 10 schools (with a further 64 in construction)
- Green Hydrogen MOU with the Three Capes (Northern, Western and Eastern Cape) signed

**Highlights from PFA 4: Water Resilience 2023/24 close-out reports**

- Developed user guidelines for /private sector landowners and private land users needing to quantify water gains from a lien clearing interventions
- Rehabilitated 4 new riparian sites, 101 436 indigenous plants planted & 1761 person day jobs created through the Berg/Breede Riparian Rehabilitation Project. Created 1 300 green jobs
- 18 000 hectares of water resources cleared of invasive alien plants & a total of 8 417 hectares of land rehabilitated
- Leveraged WWF-SA funding for Coordination of the Ecological Infrastructure Investment Framework

**Highlights from PFA 5: Technology and Innovation 2023/24 close-out reports**

- Venture Capital study undertaken to leverage R1 billion funding available to start-ups and scale-ups and initiated national lobbying effort with respect to exchange controls
- In principle agreement reached for an MOU with Air Traffic and Navigation Services (ATNS) towards establishing a Regulatory Sandbox & the Western Cape as a Drone Hub and a CoP event for the Drone Sector hosted by DEDAT with national interest and representation
- 10 businesses supported with new technology through the Digital Business Productivity Fund

  One new post-grad course developed and launched for formal ICT teacher training in partnership with WCED.

**Highlights from PFA 6: Infrastructure and Connected Economy 2023/24 close-out reports**

- Leeuloop & Founder's Garden/ Artscape feasibility studies completed, and Founders Garden/Artscape Government Immovable Asset Management Act (GIAMA) consultation process completed
- 74 e-Centres managed and 186 accredited training opportunities registered & a mobile e-Centre launched
- created 650 work opportunities
- Launch of jobseeker travel voucher pilot on the 9th of February 2024
- 1 Ease of Doing Business improvement through the Preferential Procurement Policy intervention

**Highlights from PFA 7: Improved Access to Economic Opportunities and Employability 2023/24 close-out reports**

- 3 332 people accessing employability and economic pathways (excludes DCAS as their study is currently underway to establish figures)
- R30 million direct funding and R15 million indirect funding leveraged towards the PFA interventions
- 3 020 youth opportunities created, and 33 000 beneficiaries supported by the youth (DCAS)
- 44 schools involved in the vocational pilot
- 131 pathway partners secured to provide post-programme opportunities (private sector partners)

Mechanisms are in place to ensure that departments report their contributions towards achieving the objectives of the G4J Strategy. DEDAT has developed a G4J projects reporting system unit, as well as a reporting dashboard to visualise tracking at an individual project level and aggregated at priority focus area and departmental levels. This has been done with the assistance of your provincial corporate IT division. All G4J projects are loaded onto the proposal system module and then reported on monthly via the reporting module.

# PARLEMENT VAN DIE PROVINSIE VAN DIE WES-KAAP

=====================

# VRAELYS
## MONDELINGE BEANTWOORDING

=====================

Nota: * Dui vertaalde weergawe aan.

**DONDERDAG, 22 MEI 2025**

*Nuwe vrae:*

***4. Mnr B N Herron vra dr I Meyer, Minister van Landbou, Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme:**

In die 2025-mediumtermynbestedingsraamwerktydperk is R43,789 miljard aan die Strategie vir Werkgeleenthede deur Groei ("Growth for Jobs Strategy" of G4J-strategie) toegewys, wat 'n ambisieuse jaarlikse ekonomiese groeidoelwit van 4% tot 6% stel:

(b) Watter sukses, indien enige, die G4J-strategie, wat in 2023 aangeneem is, behaal het sedert dit geïmplementeer is, (b) watter interne vergelykingstandaarde of toesigmeganismes ingestel is om die doeltreffendheid daarvan te beoordeel om toe te sien dat doelwitte bereik word en (c) hoe vordering buiten ekonomiese vooruitskattings gemeet word?

**<u>Antwoord:</u>**

4 (a) Die onderstaande tabel dui die sukses aan van die G4J Strategie sedert dit in 2023 aangeneem is, vordering met implementering en die spesifieke maatstawwe wat gebruik word om resultate te meet.

Tabel: Maatstawwe en Resultate van Groei-vir-Werk Strategie

| Prioriteitsfokusarea (PFA) | 2035-doelwit | Vordering |
|---|---|---|

| | | |
|---|---|---|
| **Groei van BBPS** | **2035-doelwit:**<br>4%-6% groei in BBPS<br><br>**Nasporingsmeganisme en bron:**<br>Bruto Binnelandse Produk per Streek (BBPS)<br>• Bron: S&P Global<br>• Gereeldheid: Jaarliks | • Wes-Kaapse BBPS-groei was 0,8% in 2023. Dit was besonder laag, hoofsaaklik weens die histories hoë vlakke van beurtkrag in 2023 en die gevolglike stremming wat dit op ekonomiese aktiwiteit gehad het.<br><br>• Teen 2024 het BBPS tot 1,1% verbeter. Baie kommentators het die Wes-Kaap se vinniger groei toegeskryf aan goeie infrastruktuur en ’n ondersteunende bemagtigende omgewing, wat deels deur die Groei-vir-Werk Strategie gedryf is.<br><br>• Aan die begin van die jaar was die vooruitskatting dat groei vir 2025 tot 2,1% kan verbeter. Onlangse globale verwikkelinge het egter daartoe gelei dat groeiprojeksies regoor die wêreld opmerklik afwaarts aangepas is. |
| **PFA 1: Belegging** | Belegging deur die privaatsektor sal 20% van die streek se BBP (dit beteken R200 miljard) teen 2035 wees.<br><br>**Nasporingsmeganisme en bron:**<br>Bruto vaste kapitaalvorming (privaatsektor-komponent soos vroeër verduidelik).<br>• Bron: Quantec<br>• Gereeldheid: Jaarliks | • Bruto Vaste Kapitaalvorming (privaatsektor) vir 2024 was 9,3%. Dit was effens laer as die 9,8% in 2023.<br><br>• In 2023 is Bruto Vaste Kapitaalvorming versterk deur beleggings om beurtkrag teen te werk, wat beleggingsvlakke regoor die land kunsmatig opgestoot het.<br><br>• Deur die G4J Strategie streef die regering daarna om ’n bemagtigende omgewing vir belegging te skep. In 2025 word verwag dat hoër vlakke van openbaresektorbelegging ook hoër privaatbelegging sal ondersteun. |
| **PFA 2: Uitvoere en Toerisme** | Die waarde van Wes-Kaapse uitvoere van goedere en dienste (insluitend toerisme) sal teen 2035 drievoudig toeneem na R450 miljard.<br><br>**Nasporingsmeganisme en bron:**<br>• Waarde van uitvoere, soos afkomstig van Quantec<br>• Gereeldheid: Kwartaalliks | • In 2024 was die waarde van uitvoere (uitgesluit toerisme) R199,26 miljard. Dit is effens laer as die R202,4 miljard in 2023.<br><br>• In 2024 is skerp afnames opgemerk in produkte wat van die Wes-Kaap uitgevoer word, maar nie in die provinsie geproduseer word nie. Weens logistieke reëlings word produkte van buite die provinsie gereeld deur die provinsie uitgevoer. Hierdie skommeling is daarom nie ’n weerspieëling van die provinsie se produktiewe kapasiteit nie. |

| | | |
|---|---|---|
| **PFA 3:**<br>**Energie** | Die fasilitering van verbeterde energieveerkragtigheid in die Wes-Kaap deur die verhoging van energie wat in die Wes-Kaap gegenereer of verbruik word met 1 800 – 5 700 megawatts (MW) teen 2035. Dit sal na raming tussen R21,6 miljard en R68,4 miljard in verwante belegging lok.<br><br>**Nasporingsmeganisme en bron:**<br>• Aantal megawatts wat tot die stelsel gevoeg word.<br>• Gereeldheid: Jaarliks | • Laer koolstofenergie wat in die Wes-Kaap gegenereer of verbruik word was 642.4 MW in November 2023 en 710 MW in Augustus 2024. Dit was ’n toename van 10,5%.<br><br>• Proaktiewe en fasiliterende pogings deur die WKR, soos ingevolge die G4J Strategie, dra by tot die skep van ’n bemagtigende omgewing om energieveerkragtigheid te verbeter en beleggings en inskakeling (*uptake*) te stimuleer. |
| **PFA 4:**<br>**Water** | Die hoeveelheid water wat vir sekondêre en tersiêre ekonomiese sektors (hoofsaaklik van nie-produktiewe gebruik) beskikbaar is, verdubbel teen 2035 en die bestaande toewysing aan landbou word gehandhaaf.<br><br>**Nasporingsmeganisme en bron:**<br>• 490 $Mm^3$ per jaar, afkomstig van die Wes-Kaapse Watervoorraadstelsel (WKWVS).<br>• Wes-Kaapse Blou Kol Graderingsprestasiestandaard moet ≤ 95% wees.<br>• Gereeldheid: Jaarliks | • Die Wes-Kaapse Blou Kol-gradering was 69,34% in 2023. Die ideaal is dat dit nader aan 95% moet wees.<br><br>• Die Wes-Kaap se gradering is egter aansienlik hoër as Suid-Afrika se gradering van 47,15% in 2023.<br><br>• Ingevolge die G4J Strategie, dra proaktiewe WKR-pogings by om die aanvulling van water te fasiliteer om hierdie teikens te bereik. |
| **PFA 5: Tegnologie en Innovasie** | Teen 2035 sal uitgawes op navorsing en ontwikkeling in reële terme met 300% toeneem en R35 miljard bereik, terwyl transaksies in waagkapitaal R20 miljard sal bereik.<br><br>**Nasporingsmeganisme en bron:**<br>• Data en aanwysers word hersien. | • In die 2022/23-boekjaar was die Wes-Kaapse N&O-uitgawe 1,7% as persentasie van die BBP, op van 1,58% in die 2021/22-boekjaar.<br><br>• Die Wes-Kaap werk daaraan om hierdie syfer na 2,6% van die BBP op te stoot – wat ooreenstem met die globale gemiddelde.<br><br>• Ingevolge die G4J Strategie, dra proaktiewe WKR-pogings deur voorspraak en ondersteuning daartoe by om hierdie teikens te bereik. |

| | | |
|---|---|---|
| | • Data oor Navorsing en Ontwikkeling (N&O) word van die DWT en MNR verkry.<br>• Gereeldheid: Tweejaarliks | |
| **PFA 6: Infrastruktuur en 'n Gekonnekteerde Ekonomie** | Die Wes-Kaapse ekonomie sal teen 2035 die infrastruktuur hê om 'n ekonomie ter waarde van R1 triljoen te ondersteun en te bemagtig, en openbaresektor-kapitaalbelegging in die Wes-Kaap sal 10% van die streek se BBP beloop.<br><br>**Nasporingsmeganisme en bron:**<br>• Bruto vaste kapitaalvorming (BVKV) (die openbaresektor-komponent), afkomstig van Quantec<br>• Gereeldheid: Jaarliks | • Openbaresektor-kapitaaluitgawes, as 'n persentasie van BBP vir die Wes-Kaap, 3,7% in 2023 en 3,8% in 2024.<br><br>• Die Wes-Kaap se BVKV is gereed vir verdere groei, aangedryf deur Kaapstad se enorme infrastruktuurbegroting van R39,5 miljard oor die volgende drie boekjare – 80% groter as dié van Johannesburg en byna dubbel dié van Durban – met 75% daarvan wat toegewys is aan projekte wat laerinkomstegemeenskappe sal bevoordeel, en dui op volgehoue beleggingsmomentum. Die Wes-Kaapse Regering se proaktiewe pogings ingevolge die G4J Strategie dra by tot die bereiking van hierdie teiken. |
| **PFA 7: Roetes na Ekonomiese Geleenthede** | Alle burgers wat ekonomies aktief wil wees, het deur ten minste een roete verbeterde toegang tot ekonomiese geleenthede en indiensneembaarheid. Roetes sluit in verbeterde indiensneembaarheidsbates (kennis, vaardighede, ervaring en/of bevoegdhede), loopbaanbestuursvaardighede, werkplekgereedheidsvaardighede, en meer toeganklike ekonomiese geleenthede en entrepreneurskapsondersteuning.<br><br>**Nasporingsmeganisme en bron:**<br><br>• Gepaste data en aanwysers word tans gekies.<br>• Arbeidsmarkdata afkomstig van Statistieke SA word gebruik.<br>• KMMO-data word van die Kleinsake-ontwikkelingsagentskap (SEDA) verkry. | • Die aantal KMMO's in die Wes-Kaap het van K1 in 2023 tot K1 in 2024 met 2 878 toegeneem, en weerspieël jaarlikse groei van 0,8%. (Hierdie data is nie deurgaans van SEDA beskikbaar nie.)<br>• In K1 van 2025 was die werkloosheidskoers 19,6%, 1,8% laer as dieselfde tydperk die vorige jaar – en dui om verbeterde werksgeleenthede.<br>• Tussen K1 van 2023 en K1 van 2025 is 203 000 poste in die Wes-Kaap geskep, wat groei in indiensneming weerspieël.<br>• Werkloosheid onder die jeug (15-34 jaar oud) het op 'n jaarbasis van 28,7% in K1 van 2024 na 27,2% in K1 van 2025 afgeneem, wat belowend is vir jongmense wat werk soek.<br><br>Indiensneming in die provinsie het verbeter sedert die G4J Strategie goedgekeur is, met die Wes-Kaap wat Suid-Afrika se enigste provinsie is met 'n werkloosheidskoers onder 20%. Die G4J Strategie dra by tot 'n bemagtigende omgewing vir werkskepping. |

| | | |
|---|---|---|
| | | |

(b) en (c) Interne maatstawwe of hersieningsmeganismes wat gevestig is om doeltreffendheid te assesseer en om te verseker dat teikens bereik word, asook die meting van vordering buite ekonomiese vooruitskattings, word hieronder uiteengesit.

Die G4J-stelsel sluit transversale aanwysers in. Die uitkomste word op ’n jaarlikse basis saamgevoeg. Ten tyde van dié antwoord is die 2024/25-boekjaar nog nie afgehandel nie en die verslag van die huidige boekjaar sal eers aan die einde van Mei 2025 gefinaliseer word.

Die transversale uitkomste vir 2023/24 lyk as volg:

- 1 684 besighede is ondersteun.
- 14 ingrypings is ondersteun vir verbeterde gemak van sake doen.
- 28 348 burgers is met minstens een ekonomiese geleentheidsroete ondersteun.
- 15 304 poste is geskep of volgehou.

Neem asseblief kennis: Nie alle uitkomste-aanwysers kan op ’n jaarbasis uitgewerk/nagespoor word nie. Die G4J se IK-span ontwikkel tans ’n makro-ekonomiese naspoorder wat as ’n gereelde meetstok van vordering gebruik sal word.

Verder is die hoogtepunte van 2023/24 op ’n PFA-vlak as volg:

**Hoogtepunte van PFA 1: Belegging 2023/24-afsluitingsverslae**

- Beleggings van R7,76 miljard is gegenereer, wat 3 913 poste fasiliteer.
- Bewysgebaseerde huismarkontleding wat deur DOSOB uitgevoer is, het die Stellenbosch Munisipaliteit gehelp met die ontwikkeling van ’n inklusiewe behuisingsbeleid.
- Assessering van impak van die visumregime is voltooi.
- Verbintenis van 14 beleggings.
- Ondersteuning van een geval van verbetering van gemak van sake doen.

**Hoogtepunte van PFA 2: Uitvoere- en Plaaslike Mark 2023/24-afsluitingsverslae**

- Ondertekening van 93 handelsooreenkomste, wat R2,7 miljard in handel gegenereer en 3 396 poste gefasiliteer/verseker het.

- Vyf nuwe vlugroetes is gevestig.
- Die Cape Trade Portal is bekendgestel, wat gasheer vir 1 361 Wes-Kaapse uitvoerders, 330 internasionale kopers en 6 150 produkte gespeel het.
- Bystand aan 1 525 besighede.
- Ondersteuning van drie gevalle van verbetering van gemak van sake doen.

**Hoogtepunte van PFA 3: Energieveerkragtigheid en Oorgang na Netto Nul Koolstof 2023/24-afsluitingsverslae**

- Verminderde afhanklikheid van Eskom deur die byvoeging van 743 MW kapasiteit in 2023/24.
- Bekendstelling van verspreidingsgereedskapstel (*wheeling toolkit*), wat gebruik word as 'n basis vir die ontwikkeling van 'n nasionale gereedskapstel.
- Energieveerkragtigheidsingrypings is in 30 munisipaliteite gedoen en 290 besighede is ondersteun.
- Begin van die Munisipale Onafhanklike Kragprodusent-verkrygingsprojek (MIPPP), die eerste van sy soort in Suid-Afrika.
- LED-beligting in 23 skole (met 'n verdere 29 in aanbou) en PV-stelsels in tien skole (met 'n verdere 64 in aanbou).
- Memorandum van verstandhouding oor groenwaterskof geteken tussen die Noord-, Wes- en Oos-Kaap.

**Hoogtepunte van PFA 4: Waterveerkragtigheid 2023/24-afsluitingsverslae**

- Ontwikkel gebruikersriglyne vir privaatsektor-grondeienaars en privaat grondgebruikers wat waterwinste moet kwantifiseer ná ingrypings om uitheemse plantegroei te verwyder.
- Die rehabilitasie van vier nuwe rivieroewerterreine, die plant van 101 436 inheemse plante en die skep van dagposte vir 1 761 persone deur die Berg-/Breederivieroewer Rehabilitasieprojek; 1 300 groen poste is geskep.
- Die verwydering van uitheemse indringerplante van 18 000 hektaar van waterhulpbronne en die rehabilitasie van 8 417 hektaar grond.
- Die benutting van WWF SA-befonding vir die Koördinering van die Ekologiese Infrastruktuur Beleggingsraamwerk.

**Hoogtepunte van PFA 5: Tegnologie en Innovering 2023/24-afsluitingsverslae**

- Venture Capital-studie is gedoen om R1 miljard in befondsing te benut wat vir beginnersmaatskappye (*start-ups*) of uitbreidende maatskappye (*scale-ups*) beskikbaar is en inisieer nasionale steunwerwingspoging in verband met valutabeheer.

- In beginsel is ’n ooreenkoms bereik vir ’n Memorandum van Verstandhouding met die Lugverkeer- en Navigasiedienste (ATNS) met die oog op die vestiging van ’n “Regulatoriese Sandput” en die Wes-Kaap as Hommeltuigspilpunt, en ’n Konferensie van Partye-geleentheid (*CoP event*) vir die Hommeltuigsektor wat deur DEOT met nasionale rolspelers en verteenwoordiging aangebied sal word.
- Tien besighede is met nuwe tegnologie deur die Digitalebesigheidsproduktiwiteitsfonds ondersteun.
- Een nuwe nagraadse kursus vir formele IKT-onderwyseropleiding is in vennootskap met die WKOD ontwikkel en bekendgestel.

**Hoogtepunte van PFA 6: Infrastruktuur en ’n Gekonnekteerde Ekonomie 2023/24-afsluitingsverslae**

- Die Leeuloop & Stigterstuin/Kunstekaap-lewensvatbaarheidstudie is afgehandel, en die konsultasieproses oor die Stigterstuin/Kunstekaap Wet op die Bestuur van die Onroerende Regeringsbates (GIAMA) is voltooi.
- 74 e-Sentrums word bestuur en 186 geakkrediteerde opleidingsgeleenthede is geregistreer, en ’n mobiele e-Sentrum is bekendgestel.
- 650 werksgeleenthede is geskep.
- ’n Toets- reiskoepon vir werksoekers is op 9 Februarie 2024 bekendgestel.
- Een geval van verbetering van gemak van sake doen deur ingryping met die Voorkeurverkrygingsbeleid.

**Hoogtepunte van PFA 7: Verbeterde Toegang tot Ekonomiese Geleenthede en Indiensneembaarheid 2023/24-afsluitingsverslae**

- 3 332 mense kon toegang tot indiensneembaarheid en ekonomiese roetes verkry (uitgesluit DKES, aangesien hulle tans ’n studie doen om syfers vas te stel).
- Direkte befondsing van R30 miljoen en indirekte befondsing van R15 miljoen wat vir PFA-ingrypings benut is.
- 3 020 jeuggeleenthede is geskep, en 33 000 begunstigdes wat deur die jeug ondersteun word (DKES).
- 44 skole is betrokke in die toets- beroepsprojek.
- 131 roetevennote is bekom om geleenthede ná die voltooiing van die program te verskaf (privaatsektorvennote).

Meganismes is in plek om te verseker dat departmente terugvoering gee oor hul bydraes tot die bereiking van die G4J Strategie se doelwitte. DEOT het ’n stelsel vir G4J projekverslagdoening ontwikkel, sowel as ’n verslagdoeningskontroleskerm om

nasporing op ’n individuele projekvlak te visualiseer en wat op die vlakke van prioriteitsfokusareas en departemente saamgevoeg word. Dit is gedoen met die bystand van jou provinsiale korporatiewe IT-afdeling. Alle G4J-projekte word op die stelselmodule vir voorstelle gelaai en terugvoering geskied maandeliks deur die verslagdoeningsmodule.